| | |
|---|---|
| **2 ONTMOETENDE LEWENSWYSE**<br>A Met-mekaar-wees | Onderwyser en kind se saamlewe verdiep vervolgens tot A en B: |
| (a) Nabyheid | Om met mekaar te wees, beteken om (a)-(f) te verwerklik:<br>Onderwyser en kind beleef dat daar nie 'n kloof (verte) tussen hulle bestaan nie en dat kommunikasie moontlik is. |
| (b) Toewending-in-vertroue | Onderwyser en kind draai na mekaar toe sodat 'n van-aangesig-tot-aangesig verhouding moontlik word. |
| (c) Teenwoordigheid-in-vertroue | Vanweë 'n van-aangesig-tot-aangesig verhouding word dit moontlik om sinvolle woorde met mekaar te spreek |
| (d) Belewing-van-toe-behorendheid | Die kind beleef: "Ek behoort met u ter wille van my." Die onderwyser beleef: "Jy behoort met my ter wille van jou." Albei beleef: "Ons behoort met mekaar ter wille van ons." |
| (e) Belewing-van-toeganklikheid | Die kind en die onderwyser voel aan en ervaar dat die een vir die ander oopgestel is. Albei is bereikbaar en beskikbaar vir mekaar. |
| (f) Intimiteit | Innigheid, hartlikheid en vertroulikheid oorheers. |
| B Gelykgestemdheid | Indien die onderwyser en die kind in dieselfde stemming (gemoedsgesteldheid) verkeer, sal dit blyk uit (a)-(d): |
| (a) Opmekaar-afgestemdheid | Onderwyser en kind handel in 'n stemming van samewerking. Daar is ooreenstemming oor die sin van hul saamlewe. |
| (b) Opvallende aangetrokkendheid | Onderwyser en kind se aangetrokkendheid tot mekaar is sodanig dat dit opgemerk kan word. |
| (c) Meevallende aangetrokkendheid | Hulle aangetrokkendheid tot mekaar kom werklik van albei kante en is met dieselfde doel, nl. ege saamlewe. |
| (d) Diepwortelende geneentheid | 'n Goeie gesindheid en welwillendheid wat nie oppervlakkig is nie en wat daartoe lei dat albei met mekaar wil wees, heers. |
| **3 ENGAGERENDE LEWENSWYSE** | Die onderwyser kan nou verantwoordelikheid opneem vir die bemoeienis met die kind wat hy nodig ag en die kind neem verantwoordelikheid vir sy aandeel. Dat dit wel so sal wees, sal blyk indien (a) – (d) werklikheid word: |
| (a) Magnie-moment | Die onderwyser mag nie redes wat duidelik word waarom hy hom met die kind se lewenswyse moet inmeng, ignoreer nie. Die kind mag nie probeer om dié inmenging te ontvlug nie. |
| (b) Opneem-van-verantwoordelikheid | Beide onderwyser en kind aanvaar aanspreeklikheid vir dit wat nou verder moet gebeur. |
| (c) Opvoederlike bewustheid | Heldere bewustheid by die onderwyser dat daar nou gevorder moet word in die rigting van 'n doel wat hy gestel het, ontstaan. |
| (d) Verpligting-tot-beskikbaarheid | Die verpligting word opgeneem om vir mekaar beskikbaar te wees: die kind vir laat-gesê en die onderwyser vir steungewing. |

| | |
|---|---|
| **4 INGRYPENDE LEWENSWYSE**<br><br>(a) Afkeuring-van-die-afkeurenswaardige<br>(b) Teengaanbelewing<br>(i) Opvoederlike-moet-teengaan<br>(ii) Kinderlike-aanvaarding-van-teengaan<br><br>(c) Voorstelling-van-nuwe-lewenswyse<br>(d) Rigtingverandering-na-nuwe-lewenswyse<br><br>(e) Deurbraak-van-behoorlikheidseise<br>(f) Toenemende-kennis-van-goed-en-kwaad | Die onderwyser tree op te voorkom dat die kind op dwaalweë beland. Hierdie optrede geskied in die vorm van (a)-(f):<br><br>Die onderwyser gee te kenne dat hy 'n afkeer het aan dit wat nie behoorlik is nie.<br>Die doen van die onbehoorlike moet stopgesit word.<br>Die onderwyser roep die kind om op te hou om die onbehoorlike te doen en hy doen dit op duidelike wyse.<br>Die kind aanvaar (meesal geleidelik) dat dit reg is dat hy in die doen van onbehoorlike teengestaan moet word.<br><br>Iets wat posities en uitvoerbaar is, moet nou in die plek van die onbehoorlike oorweeg word.<br>Die kind word gehelp om weg te beweeg van die onbehoorlike in die rigting van die behoorlike wat in die plek daarvan moet kom.<br>Indien ( c) en (d) slaag, sal die behoorlike helder raakgesien word en sal die doen van die behoorlike bevorder word.<br>Die uitwerking van (a) – (e) is dat daar 'n toename sal wees in die kind se vermoë om te onderskei tussen reg en verkeerd. |
| **5 INSTEMEENDE LEWENSWYSE**<br>(a) Goedkeuring-van-die<br><br>goedkeurenswaardige<br>(b) Saamstem-belewing<br>(i) Opvoederlike-moet-saamstem<br>(ii) Kinderlike-verwagting-van-instemming<br>(c) Voorstelling-van-volharding<br>(d) Waardering-van-lewenswyse<br>(e) Versterking-van behoorlikheidsbesef<br>(f) Bevestiging-van-kennis-van-goed-en kwaad. | Die onderwyser tree op om die kind te ondersteun in die doen van die behoorlike, deur (a)-(f) te laat gebeur:<br>Prysende woorde word uitgepreek teenoor die kind wat die behoorlike doen.<br>Die doen van die behoorlike moet aangeprys word.<br>Die onderwyser betuig waardering teenoor die kind wanneer hy die behoorlike gekies het en daarvolgens handel.<br>Die kind hoop daarop dat die onderwyser sy behoorlike keuses en handelinge sal goedkeur.<br><br>Die onderwyser gee te kenne dat die kind ook in die toekoms moet aanhou om die behoorlike te doen.<br>Dankbaarheid word uitgepreek teenoor die kind wat volhard met die doen van die behoorlike.<br>Indien (a)-(d) gebeur sal die kind se begrip van die behoorlike steeds duideliker word.<br>Die uitwerking van (a)-(e) is dat daar 'n toename sal wees in sekerheid by die kind oor wat reg en wat verkeerd is. |